LIBERTY

Own your life

# Daar is lig aan die einde van die tonnel

**deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

*Werkverliese het steeds 'n uitwerking op huishoudelike finansies en besteding, maar ekonomiese herstel is in sig.*

Hoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie ongetwyfeld steeds in 'n resessie is, bied die jongste bruto binnelandse produk (BBP)-syfers hoop dat ons miskien die draaipunt bereik het. Die BBP se afwaartse neiging het begin afplat van -6.4% in die eerste kwartaal van hierdie jaar tot -3% in die tweede kwartaal. Nog meer bemoedigend is die feit dat die maandelikse gegewens van die myn- en vervaardigingsbedryf, sowel as kleinhandelverkope, op 'n merkbare verbetering dui, wat weer op 'n verdere verbetering in huishoudelike opbrengs in die derde kwartaal dui.

## Huishoudings steeds onder druk

Hoewel die ekonomie besig is om te draai, is dit duidelik dat verbruikers steeds druk ervaar:

- *Inkomstes daal:* Besteebare inkomste het in die tweede kwartaal hoofsaaklik vanweë werkverliese steeds bly daal. Afdankings en 'n vermindering van werksure duur nog voort terwyl maatskappye se winsgrense te midde van 'n swak ekonomie onder druk bly. Terwyl die vergoeding van diegene wat gelukkig genoeg is om werk te hê, grootliks baat gevind het by loonverhogings-ooreenkomste (gemiddeld meer as 10%), is hierdie voordele grootliks geneutraliseer deur die afdankings.

- *Verdere besteding- inkorting* : Huishoudelike besteding het vir die derde agtereenvolgende kwartaal met nog meer as in die eerste kwartaal van die jaar gedaal. Bykomend tot beperkte besteebare inkomste het banke boonop ook lenings ingekort. Verbruikers is baie versigtig om meer skuld aan te gaan, omdat huishoudelike skuld as 'n persentasie van besteebare inkomste op net meer as 76% steeds baie hoog is. Dit beteken dat 'n gedeelte van die huishoudelike inkomste bestee moet word op die afbetaal van skuld, pleks van op verbruikersgoedere. Die volgehoue daling in kleinhandelverkope, hoewel dit begin afplat, dui daarop dat die kumulatiewe rentekoersdaling van 500 basispunte eers in komende maande die volle verlangde uitwerking op verbruikers sal hê.

## Positiewe ontwikkelings

Hoewel huishoudings steeds sukkel, is daar tog sekere positiewe ontwikkelings te bespeur. Na gelang van 'n oplewing in die ekonomie sal daar hopelik 'n ooreenstemmende daling in afleggings wees. Rentekoersdalings het die koste van skuldvereffening verlig en daarmee saam die druk op inkomste ietwat verminder. Die volgehoue daling in inflasie, veral voedsel-inflasie, is voorts ook goeie nuus vir verbruikers.

Niemand kan die toekoms akkuraat voorspel nie, maar dit is tog bemoedigend dat daar aanduidings is dat ‘n herstel, hoewel stadig en nie op volle sterkte nie, beteken ons is nie op pad na ‘n dieper resessie nie. Verbruikers moet hulle toespits op die terugbetaling van skuld, terwyl hulle terselfdertyd spaar met die oog op finansiële vryheid.

## Waak daarteen om te belê op grond van die verlede

Hoewel ‘n gemengde prentjie uit die voorafgaande bespreking na vore kom, is dit belangrik om te onthou dat dit ‘n terugblik is van wat in die onlangse verlede gebeur het en iets is wat ons nie kan verander nie. Dit herbevestig ook die clichè dat jy nie moet probeer om markbewegings te voorspel nie. .

Verlede jaar hierdie tyd was die prentjie van ons eie, asook die wêreldwye ekonomie, redelik donker. Hoewel ons waarskynlik nie sal terugkeer na dieselfde situasie as voorheen nie, moet ‘n mens in gedagte hou dat ekonomieë in siklusse beweeg waarin resessies deur groeitydperke gevolg word. Beleggers wat hul strategie in lyn wil bring met die vertoning van die ekonomie, moet bedag wees daarop dat hulle sonder kundige advies moontlik goeie beleggingsmoontlikhede kan misloop teen die tyd dat ‘n herstel in die ekonomie amptelik deur gepubliseerde statistieke bevestig word.